DIE KERK EN DIE GOLF VAN WANHOOP EN WANTROUE IN SUB-SAHARA AFRIKA

'N **EKERK** NAVORSING VERSLAG | DEUR **PROF STEPHAN JOUBERT**

eKERK
Jesus - sigbaar, voelbaar, verstaanbaar

In Desember 2008 het Nathan Nunn en Leonard Wantchekon ‘n studie oor die oorsprong van wantroue in 17 lande in Afrika, wat alle lande in Suidelike-Afrika insluit, bekend gestel. Hulle toon aan dat slegs 50% van die respondente hul families baie vertrou; 28% mense vertrou hulle bure ruimhartig; 26% plaas groot vertroue ander lede van hul eie groepe, en slegs 16% plaas baie vertroue in vreemdelinge.

Tussendeur is ‘n nuwe studie van die wêreldbekende Pew Organisasie op 19 Desember 2011 vrygestel wat aantoon dat bykans een uit elke vier van die sowat 2,18 biljoen Christene op ons planeet in Sub-Sahara Afrika woon. Hierdie groei is asemrowend. In 1910 het slegs 1,4% van hierdie gebied tot die Christelike geloof behoort, maar in 2010 het dit aangegroei tot 23,6%.

Van navorsing gepraat, die “World Hapiness Report” van die Verenigde Nasies is pas op 2 April 2012 bekend gestel. Hieruit blyk dit dat die Skandinawiese Lande en Nederland die gelukkigste plekke op aarde is, met lande in Sub-Sahara die ongelukkigste. (As ek reg getel het, is Suid Afrika 90ste op hierdie geluk-lys.) Dinge soos politieke vryheid, sterk sosiale netwerke en die afwesigheid van korrupsie is deurslaggewende faktore wat mense se persoonlike geluk bepaal. Werkloosheid, onstabiele gesinsverhoudings en swak mediese versorging lei weer tot laer vlakke van geluk.

Die vinnigste groei van die Christendom wêreldwyd gebeur tans in Sub-Sahara Afrika. Nogtans is hierdie gebied deurdrenk met agterdog en ongelukkigheid. Hierdie krisisse behoort dus die heel hoogste op die agenda van alle plaaslike kerke en bedienings te wees. Geloof moet ‘n meer beduidende en genesende impak op die samelewing hê. C. S. Lewis skryf tereg in Mere Christianity: “He (Christ) came to this world and became a man in order to spread to other men the kind of life He has—by what I call ‘good infection’”.

Hoe word die kerk ‘n goeie infeksie wat die wêreld met God se hoop deursuur? Wel, deur nimmereindigende selflose diens in Jesus se Naam, soos wat Hy ons in Matteus 25:31-44 leer. Die goeie nuus is dat dit reeds op baie plekke wel gebeur. Een voorbeeld: In ‘n artikel in “Science Now” skryf Elizabeth Pennisi oor ‘n lesing wat die Amerikaanse evolusionêre bioloog David Hughes op 22 Augustus 2011 in Europa gehou het. Hierin beweer hy dat die hoofstroom godsdienste van die wêreld ontsaan of opgebloei het in dieselfde tye as wat siekte epidemies die wêreld geteister het. In plaas daarvan om te vlug, het navolgers van die Christendom byvoorbeeld tydens epidemies soos masels en polio, gekies om eerder tussen die siekes te bly en hulle te versorg as om te vlug.

Hughes toon ook aan hoedat die huidige landskap van Malawi daadwerklik deur Christene se ontferming verander word. Sy kollega, Jenny Trinitapoli, het 3,000 mense in ‘n 1,000 nedersettings in Malawi ondervra. In hierdie land waar 1 uit 14 volwassenes tans aan VIGS sterf, bevind sy dat sowat 30% van die Christene sulke slagoffers gereeld besoek. Dit het tot ‘n reuse groei van die kerk in Malawi aanleiding gegee. Mense wat HIV positief is of VIGS onderlede het, het besef dat Christene hulle nie so maklik etiketteer of afskryf soos wat ander mense doen nie. Ook het hulle agtergekom dat Christene hulle met groot deernis versorg.

Ook in ons eie land is daar om elke hoek en draai voltydse hoop-verspreiders aan’t werk.

Gaan loer gerus in by Echo of PEN in Pretoria se middestad, of by wie weet hoeveel opwindende aksies van plaaslike kerke regoor ons land, dan sien jy wat ek bedoel. Daar’s oorgenoeg Christene in Sub-Sahara om die neerdrukkende gees van wantroue teen die spoed van een mens en een gemeenskappie op ‘n keer uit die pad te leef. En om egte geluk te laat weerklink daardie soort wat lewende brood én regte brood vir die armes, soekendes en hooploses insluit.

OOR EKERK NAVORSING

Vir meer inligting oor Ekerk Navorsing, besoek gerus www.ekerk.org. Om hierdie inhoud in seminaar vorm te laat aanbied, kontak gerus vir pierre@ekerk.org.

Dankie dat jy gelees het!